



## Die Bewaring van jou Liggaam!

Die afgelope tyd het ons baie gehoor van GMO produkte. Ek is een van daardie mense wat glad nie hou van die gedagte nie. Ek beskou dit as geweldig gevaarlik en die rede daarvoor is dat ons kos die een groot swakpunt van die mensdom is. Die wat kos en water beheer het geheel en al mag oor die mense.

Dit is een van die redes waarom ek altyd bid vir my kos. Ek kan nie beheer wat die mense daarin sit nie, maar ek glo met my hele hart dat as ek die Here gevra het om dit te seën aan my liggaam, Hy dit sal doen. Want Hy is 'n regverdige God, wat weet wat mense besig is om te doen, om ook sy kinders te vernietig. Dankbaarheid is natuurlik 'n ander rede waarom ek ook bid vir die kos wat ek eet. Daar is baie mense wat nie het nie.

Ek beskou kos ook as een van die gevaarlikste wapens in die hand van die vyand want hulle kan, soos wat hulle alreeds doen, die genetiese samestelling van kos verander, sogenaamd verbeter, en op die ou end is dit sleg vir jou liggaam soos wat soveel mense alreeds bewys het.

Ek hou glad nie van die gedagte van genetiese manipulasie nie. God het vir ons voedsel gegee wat by ons pas. As ons begin om daardie goed te verander, hoe weet ons wat die effek op die ou end gaan wees.

Dit is dan ook waarom ek die stuk skryf, net om mense bewus te maak van sekere dinge. Jy kan hierna self besluit wat jy wil glo en wat jy nie wil glo nie, maar wat jy glo sal in elk geval niks verander aan die waarheid nie.

Hierdie is egter nie 'n stuk om almal te vertel wat die nuutste ding is wat die duiwel doen nie, maar meer wat die woord van God vir ons sê aangaande voedsel en hoe ons dit moet beskou veral ten opsigte van ons liggame.

**Rom 12:1** *Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.*

**Rom 12:2** *En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.*

Hiermee saam wil ek ook graag 'n paar ander tekse inbring:



# KINGS AND PRIESTS



*Gen 3:6 Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.*

*Mat 4:1 Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel.*

*Mat 4:2 En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword.*

*Mat 4:3 En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word.*

*Mat 4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.*

*Mat 4:5 Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan*

*Mat 4:6 en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie.*

*Mat 4:7 Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie.*

*Mat 4:8 Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlijkheid,*

*Mat 4:9 en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid.*

*Mat 4:10 Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.*

*1Jn 2:15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.*

*1Jn 2:16 Want alles wat in die wêreld is—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.*

Kom ons vergelyk 'n bietjie hierdie paar gedeeltes met mekaar:

In al drie die dele sien ons presies dieselfde progressie van dinge:

<b>Die Aard vd Versoeking</b>	<b>Gen 3:6 (Die nederlaag)</b>	<b>Matt 4:1 – 10 (Die oorwinning)</b>	<b>1 Joh 2:15-16 (Die waarskuwing)</b>
<u>Vleeslike versoeking</u> . En let op dit het met eet te doen!	Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet	As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brood word	Die begeerlikheid van die vlees
Hier het die versoeking alreeds	'n lus was vir die oog	Toe neem die duiwel hom na die dak van die tempel	Die begeerlikheid van die oë



# KINGS AND PRIESTS



deurgedring tot die <u>siel</u>			
En as dit by die siel verby kan kom dan <u>besoedel die versoeking die gees van die mens.</u>	'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry	Toe wys die duiwel hom al die koninkryke van die wêreld.	Die grootsheid van die wêreld

Let mooi op waar die versoeking elke keer begin:

Eers in die vlees, dan na die siel dan na die gees van die mens.

As ons dan nou terugkom na ons gelese gedeelte sien ons dat jy jou liggaam moet stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer, dit is ons redelike godsdienst.

Ek glo dat ons hierdie saak baie miskyk want ons let baie sterk op na wat Efesiërs ons leer en dit is dat ons worstelstryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen magte en owerhede, teen wêreldheersers en bese geeste. Hierdie is geesteswesens wat gedagtes in ons plant. En let nou op hoe interverweef die drie dele van die mens is, want soos 'n slegte ding in die vlees begin en deur die siel na die gees toe werk, so kan die proses ook omgekeer word.

Slegte en onrein gedagtes kan aan die gees gegee word deur hierdie bese geeste en deur die siel terugwerk na die vlees toe.

Maar as kinders van God het ons mos wapens, en soos 2 Korinthiers 10 dit stel. Die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestigings neer te werp. Dit het ons daartoe gedryf om te begin let ( ek wil amper sê –oormatig daarop let) op die aanvalle wat deur die gees op ons pad kom, en ons het by wedergeboorte ons siel en gees aan God gegee om dit te bewaar tot die dag toe. Eenvoudig gestel ons het die hele huisraad wat binne die huis is, oorgegee aan versekering (dit is Jesus), om dit veilig te bewaar soos wat die bank ons geld bewaar. En ons is oortuig daarvan dat Hy dit ook sal doen, want Hy het so gesê. En ons voel baie veilig want in die geweldige geestes stryd is ons nou beskerm.

Maar let net mooi op, en dis die deel wat ons miskyk, die daar is 'n pad van die anderkant af ook, dit is van die liggaam terug na die gees toe. Hoe dan sal 'n inbreker 'n huis betree as hy nie oor die muur klim, of deur 'n venster klim nie? By Eva was die eerste aanval van hierdie kant af, so ook by Jesus en dis belangrik om daarop te let dat dit met kos te doen gehad het. Jesus het honger geword, Eva het gesien die boom is goed om van te eet. Dis meer belangrik as wat ons dalk mag besef.

Ek wil egter fokus op die roete van hierdie versoeking, vanaf die liggaam deur na die gees want ek voel in myself, dat dit is die deel wat ons of, miskyk of geheel en al onderskat. Ek glo dat baie mense dink dat ons nie nodig het om eers daaraan



## KINGS AND PRIESTS



aandag te gee nie, want dit word mos gesê dat die vlees van geen nut is nie. Ons moet egter besef dat die vlees die mure van die huis is, en as die mure afgebreek is, of onbeskermd is, is die hele huis blootgelê en uitgelewer aan diewe en rowers.

As ons dan bereid is om ons siel en gees aan die Here te gee om in bewaring te hou, motiveer Romeine 12 ons dan nou om dieselfde te doen met ons liggame. Wees ten volle gesete in Christus! Moenie dink dat jy die mure van jou huis self kan beskerm nie, as jy dit nie met jou gees en met jou siel kan doen nie, hoe sal jy dit dan kan doen met jou liggaam?

As Jesus dan jou koning is, en jou huis deel is van die gemeente ( die stad van God) dan kan jy mos die mure van jou huis ook aan Hom oorlaat om dit te verdedig. Let op wat die Psalm skywer gesê het oor die saak:

***Psa 127:1 'n Bedevaartslied. Van Salomo. As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.***

**Die** eenvoudige boodskap wat ek vanaand vir julle wil gee is dat net soos wat jy jou siel en gees aan die Here oorgegee het vir bewaring, doen ook so met jou liggaam. Want ons weet mos ons liggame is 'n tempel van die Heilige Gees.

Wees nougeset daarin om dit skoon te hou, maar maak seker dat jy versterkte mure het, omdat die Here, jou God, die mure van jou huis versterk het. En dit sal ons regkry deur nougeset te handel, ook met ons liggame volgens die woord van God.

Onthou, ek het gesê, let daarop dat die sonde by eet (kos) begin het. By 'n sigbare en fisiese versoeking. Ek glo dat baie van die siektes wat ons vandag beleef direk op hierdie saak betrekking het. Ons eet onreine voedsel. Die Here het nie vir ons verniet gesê wat rein en onrein is nie. 'n Mens kan nie net eet wat hy wil, wanneer hy wil nie. Hierdie voedsel reëls help om jou liggaam te versterk teen die aanslae van siektes.

Ons vra dan tog so baie hoe is dit moontlik dat van die siekste mense wat ons ken, eintlik baie dierbare kinders van God is. Ek glo dat omdat ons nie let op die voedsel wat ons eet nie, en ons baie onreine dinge eet wat sleg is vir ons liggame, daarom is daar so baie siekes en swakkes onder ons.

Ongehoorsaamheid is ons grootste probleem, en in die stryd teen die duiwel, as ons nie luister en doen wat God sê nie, dan lei ons.

Daar is so baie om te sê oor die saak, maar ek wil eerder nou afsluit met Paulus se woorde:

**1Th 5:23** En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!



Hy bewaar ook jou liggaam as jy dit aan hom oorgee om bewaar te word!

Ek besef terdee dat daar vele mense is wat my sal aanvat oor die gedagte van onreine voedsel. Dink maar net aan die visioen wat Petrus gesien het van die doek met onreine diere op

*Act 11:1 En die apostels en die broeders wat in Judéa was, het gehoor dat die heidene ook die woord van God aangeneem het.*

*Act 11:2 En toe Petrus opgaan na Jerusalem, het die wat uit die besnydenis was, met hom getwis*

*Act 11:3 en gesê: By onbesnede manne het jy in die huis gegaan en saam met hulle geëet.*

*Act 11:4 En Petrus het begin en vir hulle die loop van die saak uiteengesit en gesê:*

*Act 11:5 Ek was in die stad Joppe in die gebed, en in 'n verrukking van sinne het ek 'n gesig gesien: 'n voorwerp het uit die hemel neergedaal soos 'n groot laken wat aan die vier hoeke uit die hemel neergelaat word, en dit het tot by my gekom.*

*Act 11:6 En toe ek die oë daarop hou en dit waarneem, sien ek die viervoetige diere van die aarde en die wilde en die kruipende diere en die voëls van die hemel.*

*Act 11:7 En ek hoor 'n stem vir my sê: Staan op, Petrus, slag en eet!*

*Act 11:8 Maar ek antwoord: Nooit nie, Here, want niks onheiligs of onreins het ooit in my mond ingegaan nie.*

*Act 11:9 En die stem het die tweede keer my uit die hemel geantwoord: Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie.*

*Act 11:10 En dit het drie maal gebeur en alles is weer opgetrek in die hemel.*

*Act 11:11 En dadelik staan daar drie manne voor die huis waar ek in was, wat van Cesaréa na my gestuur was.*

*Act 11:12 En die Gees het vir my gesê dat ek saam met hulle moes gaan sonder om te twyfel. En saam met my het ook hierdie ses broeders gegaan, en ons het in die huis van die man ingegaan.*

*Act 11:13 En hy het ons vertel hoe hy die engel in sy huis sien staan het en vir hom sê: Stuur manne na Joppe en laat vir Simon haal wat ook Petrus genoem word;*

*Act 11:14 hy sal woorde tot jou spreek waardeur jy en jou hele huis gered sal word.*

*Act 11:15 En toe ek begin spreek, het die Heilige Gees op hulle geval soos ook op ons in die begin.*

*Act 11:16 En ek het die woord van die Here onthou, hoe Hy gesê het: Johannes het met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word.*

*Act 11:17 As God dan aan hulle dieselfde gawe gegee het soos aan ons wat in die Here Jesus Christus geglo het, wie was ek dan, dat ek God kon verhinder?*

*Act 11:18 En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk.*



## KINGS AND PRIESTS



Dit is wat my betref een van die gedeeltes in die bybel wat die meeste uit verband geruk word, maar kom ons kyk daarna en ek sal my argument daarvoor stel en dan kan u self besluit of dit vir u sin maak of nie.

Die kern van die saak waaroor hier gepraat word is dat die broeders in Jerusalem baie ontevrede was met Petrus omdat hy die woord onder die heidene gaan verkondig het. Was die kern van die saak dat Petrus honger was en op soek was na kos, dan was die hele argument anders, maar dit was nie so nie. Petrus het die woord verkondig aan onbesene mense.

So wat presies het hierdie beeld vir Petrus voorgestel? Wel daar was allerlei diere daarop en ook wat die wet gesê het onrein diere was. Die vraag is dus, het die saak te doen met mense of met kos. Slag en eet verwys verder na 'n aksie wat geneem moet word. Hy moet iets doen met die goed wat hy sien. Wat hierdie onrein diere betref moet hy slag en eet. Met ander woorde, gaan uit en verkondig die woord aan alle mense. As dit nie so was nie, en as dit werklik net met kos te doen gehad het, dan sou Petrus waarskynlik dadelik in die opvolgende verse 'n vark of 'n ander onrein dier gaan eet het, wat hy nie gedoen het nie.

Wat het God dan rein gemaak? Beslis nie die onrein diere nie, maar die mense wat ver weg was van die genade van God. Het Jesus nie tereg gesê dat hy ook ander skape het wat nie aan die kraal behoort nie, en is daardie skape nie geïdentifiseer as die verlore skape van die huis van Israel nie?

Hierdie gedeelte word egter verkrag en uit verband geruk om by die begeerlikhede van die vlees te pas. Want dit pas ons om te eet soos die ander nasies, wat ons egter nie besef nie, is dat hierdie gesondheids reëls wat die Here vir ons gegee het, Hy dit gegee het ter will van ons liggaamlike gesondheid. Ons verkies egter om dit nie so te beskou nie, en om die gedeelte uit verband te ruk tot ons eie nadeel.

Afsluiting:

Hierdie is my persoonlike gevoel oor die saak: Sal die eet van onrein diere dan iemand in die hel laat beland? Ek dink nie so nie, dit is gesondheidswette wat bedoel is om jou liggaam te beskerm. As jy verkies om dit te ignoreer, verwag dan dat jou liggaam gaan swaarkry en dat jy gaan sieklik wees. Dit is die aanval op jou liggaam. 'n Gesonde liggaam huisves ook 'n gesonde gees, so dan ook 'n sieklike liggaam, sal 'n groot invloed hê op die gees van die mens en dit sal dit vir jou baie moeilik maak om die healtyd teen die aanslae van die vyand stand te hou, want 'n derde van jou wese is alreeds afgetakel deur verkeerde dogma en eetgewoontes.